Bestuiwing-Standaard (2016)

1. KORF

a. Langstroth-tipe,

b. Verwyderbare Rame,

c. Rame Versterk (vir integriteit tydens Vervoer).

d. Super nie ‘n vereiste nie, maar moet gebruik wanneer nodig volgens 7 hieronder.

2. AFDIGTING

a. Die Konstruksie &

b. Kondisie van die korf moet sodanig wees dat dit

c. Vinnig en Maklik Verseël kan word ---

d. Bye mag nie Uitlek tydens Transport nie.

3. VENTILASIE

a. Die Konstruksie,

b. Kondisie,

c. Toemaak-meganisme &

d. Vervoer-praktyk moet sodanig wees dat dit

e. Genoegsame Ventilasie Fasiliteer om

f. Verhitting-skade te verhoed aan Broed & Bye ---

g. Swerm moet Normaal kan Funksioneer binne een Dag ná Inbring.

4. KONINGIN-STATUS

a. Aktief-Lêend,

b. Soos Gereflekteer deur ‘n Gesonde Broed-patroon, met

c. ‘n Balans tussen die hoeveelheid Eiers, Larwes & Geseëlde Broed.

P: Bus/Box 1200, Bellville, 7535 T&F: (021) 865 2050 E: info@wkbv.co.za

5. SIEKTE-STATUS

a. AFB --- Geen kliniese simptome.

b. EFB --- Maks 50 selle met kliniese simptome.

c. Kalkbrood --- Maks 50 selle met kliniese simptome.

d. Varroa --- Maks 5% vir 100 Bye getel.

e. Klein Korfkewer --- Nie oormatig, veral as swerm-sterkte marginaal is.

6. SWERM-STERKTE

a. Geen Bestuiwingseenheid in Enige Groep mag Swakker wees nie as:

i. Ekwivalent van 3 Rame Broed met

ii. 50% Selle van bg gevul met Broed in alle Stadia &

iii. 6 Broed-rame Bedek met Bye.

iv. Lg in ‘n Gekalmeerde/Rustige Toestand.

b. Gemiddelde Sterkte in Enige Groep Minstens:

i. Ekwivalent van 4 Rame Broed met

ii. 50% Selle van bg gevul met Broed in alle Stadia &

iii. Vir Broeikas alleen: 7 Broed-rame Bedek met Bye of

iv. Vir Broeikas met Super: 8 Broed-rame Bedek met Bye.

v. Lg twee in ‘n Gekalmeerde/Rustige Toestand.

7. KORF-BESTUUR

a. Die korf se Konstruksie, Swermsterkte & Voorbereiding

b. Moet Bestuur en Gemanipuleer word sodat die volgende effek bereik word:

c. Geen Oortollige Heuning en Stuifmeel (maks 3 rame ln Broeikas en 4 rame in Super) &

d. Die Regte Verhouding Leë Spasie, sodat

e. Die Koningin kan eiers lê,

f. Die Werkers normaal kan werk &

g. Die Afswermings-drang beperk word.

h. Bg geld minstens met die Inbring-stadium.